Kempie Klets

Uitgawe 8: 22 Julie 2010

Uit die Hoof se kantoor . . .

Geagte Ouers

Welkom terug na die **laaaaang** sokkervakansie. Ek hoop die kinders het u nie te veel "besig" gehou by die huis nie. My persoonlike belewenis van die FIFA Wêreld Sokkerbeker is een van trots op SA en die prestasie wat ons behaal het om die wêreldbeker met onderskeiding aan te bied. Die hele feestelike atmosfeer wat ons kon beleef met die afgeronde vertonings tydens die laaste wedstryd, was indrukwekkend. Vuvuzelas het 'n nuwe betekenis gekry, maar ek sal bly wees as dit maar sinoniem met sokker sal bly! Nietemin, sterkte met die hervat van die normale daaglikse ritme en weerstand teen die koue.

Dit was met hartseer dat ons verneem het van Cecilia Tosoni in Graad 11 se vader se afsterwe verlede week. Wat dit swaarder maak, is dat pa juis op pad was na sy broer se begrafnis. Aan die familie bid ons die rustigheid en vertroosting van die Here toe.

Rapporte en oueraand

Die leerders sal hulle rapporte op Woensdag 28 Julie ontvang, en die oueraand is op Donderdag 5 Augustus van 17:00 tot 19:00. Ons het regtig behoefte om met u as ouers oor u kind te gesels. Hoe sterker ons die ouer/ onderwyser band bou, hoe beter kan ons u kind bedien. Maak asseblief moeite om hierdie geleentheid by te woon.

Krieket organiseerder

'n Woord van welkom aan mnr. Ian van Zyl wat op 1 Junie by ons begin het. Gedurende die laaste paar jaar was daar 'n geskarrel om die regte persoon te kry, maar die soek was die moeite werd. Dit is met opgewondenheid wat ons kennis neem van al die nuwe idees.

Valke finaal en GISSA

Die A-rugbyspanne speel almal Saterdag in die Valke finaal teen Dr EG Jansen. Ons weet dat die afrigters en die spelers baie hard gewerk het om tot hier te kom, en wens hulle die beste toe vir hierdie kragmetings. Toewyding en totale betrokkenheid sal die wagwoord wees.

Vier van die vyf A-netbalspanne speel Saterdag in die GISSA finale. Die net is baie fyn gestel en net die bestes gaan daar teenwoordig wees. Ons dogters kry kans om hulle teen Gauteng se bestes te meet. Ons het baie vertroue in die afrigters en spelers, en wens hulle alle sukses toe vir Saterdag.

Wegsleeptekens in van Riebeeckweg

Die tekens is deur die verkeersafdeling aangebring om beter vloei in die straat voor die skool te verseker. Ons het nie beheer oor hierdie besluite nie. Leerders moet maar van die kantstrate gebruik maak om vir die oggend te parkeer. Ons het 'n onderneming van die verkeersafdeling dat die wegsleep nie met sport- of ander skoolbyeenkomste toegepas sal word nie. Daar is vir die karre en motorfietse nog parkering binne die skoolterrein beskikbaar teen 'n fooi. Navraag kan by Me Marilet Smith of Mnr. Allan Henwood gedoen word.

Kwartaalprogram

Gebruik gerus die webblad van die skool om die kwartaalprogram te kry. Soos die verskillende aktiwiteite se datums beskikbaar raak, word die inligting daar gelaai.

Ten slotte

Ons maak staat daarop dat die matrieks veral hierdie laaste vier weke sinvol gaan gebruik en baie hard werk om goed voorbereid te wees vir die rekord eksamen wat op Dinsdag 31 Augustus begin.

Groetnis aan elk van u, en die volgende Kempie Klets verskyn Donderdag, 5 Augustus.

Roelof Burger
(Skoolhoof)

SPORT

NETBAL

Uitslae vir die Superliga 2010

O/14A	2de
O/14B	2de
O/15A	2de
O/15B	1ste
O/16A	3e
O/16B	2de
O/17A	6de
O/17B	2de
O/18A	1ste
O/18B	1ste
A-Spanne	Algeheel 2de
B- Spanne	Algeheel 1ste

Volgende naweek speel die volgende vier A-spanne, O/14 A, O/15A, O/16A en Eerstespan wat gekwalifiseer het, in die Gauteng Kampioenskappe by EG Jansen.

GIMNASTIEK

Tydens die eksamen het die finale sone-kompetisie vir Artistiese gimnastiek plaasgevind. 12 Kempies het vir Oos-Gauteng (Vlak 1 tot 3) deelgeneem en ons is veral trots op André Coetzee (Algeheel 1ste) en Theuns (Algeheel 2e) wat gekwalifiseer het om in September aan die nasionale kampioenskappe saam met vlak 4 en hoër deel te neem.

Die Kempies is ook bevoorreg om 'n Akro Gimnastiek Springbok in die skool te hê. Odette le Roux is pas terug uit Pole, waar sy en haar spanmaat aan die wêreldkampioenskappe gaan deelneem het en algeheel 21ste in die wêreld geëindig het. Baie geluk . . . ons is trots op jou.

Die gevorderde (Vlak 4 en hoër) gimnaste in Artistiese en Ritmiese gimnastiek het die afgelope naweek 'n finale inoefen "marathon" gehad en nou kan daar net afgerond word.

Belangrike datums:
9/8: Ritmies Komp. Bloem
15-16/8: Ritmies Komp. Klerksdorp
18/8: Gr.7 Ope-aand optrede
27-28/8: Artistiese O-Gauteng Kamp
3-4/9: Artistiese Sone Kamp

RINGBAL

Die Ringbal seisoen het aangebreek en ons seuns en dogters het alreeds begin oefen.
Ons nooi alle leerlinge wat graag by ringbal betrokke wil raak, uit na ons oefeninge Maandae en Dinsdae by die skool vanaf 14:30 – 16:00. Woensdae is wedstryde by die Klubbane vanaf 15:00 – 17:00. Die skole liga begin reeds op 4 Augustus, so kom wees deel van al die pret!
Navrae: Me A Kruger (K38) en Me R Oosthuizen (K123)

LANDLOOP

Die afgelope naweek was die Kempie/Impie Landloopbyeenkoms en die uitslae is as volg:

Dogters Algeheel:

1	H/S Vorentoe	4
2	H/S Kempton	5
3	H/S Jeugland	8

Seuns Algeheel

1	H/S Vorentoe	3
2	H/S Kempton	8
3	Afrikaans Seuns	10

Algehele wenners

1	H/S Vorentoe	7
2	H/S Kempton	13
3	H/S Jeugland	24

RUGBY

Die afgelope naweek het die semi-finale van die Valketoernooi plaasgevind. Kempies se spanne het skoonskip gemaak teen Jeugland met die volgende tellings:

O/14 A	Het reeds voor die vakansie gekwalifiseer
O/15 A	Wen 18-3
O/16 A	Wen 20-3
1ste span	Wen 43-28

Die 1e span het briljante rugby gespeel en ses drieë in die wedstryd gedruk. Drieë is aangeteken deur Michael Nell (2 drieë) Wayne Short (1 drie), Dean Visser (1drie), Janus Snyman (1 drie) en Johan von Brandis (1 drie). Wian Lamprecht het 13 punte met die skopskoen aangeteken.

Volgende Saterdag speel al vier die Kempies A-spanne teen EG Jansen in die Valke finaal vir Makro skole. Wedstryde vind by EG Jansen plaas.

SKIET

Uitslae van die Noord-Gauteng skietkompetisie wat in Pretoria gehou is:

O/16 Veer

Tanya Snyders – Silwer medalje vir die 3 posisies – Lê, staan en kniel

O/16 Veer 10 meter

Jacques Fouche – Goud
Heinrich Schoeman – Silwer
Tanya Snyders – Brons

Presisie O/21

Nico du Plessis – 6 Goud
Sy totaal vir die 3 posisies is 576 uit 600 ('n persoonlike beste) en vir die 10 meter 561 uit 600.
Nico het ook 'n baan rekord opgestel. Hy is die eerste presisie skut wat tydens die bestaan van die kompetisie by die skouterrein 'n 200 uit 200 skiet in die lê posisie.

HOKKIE

Uitslae van die dogtershokkiespanne in hul liga wedstryde teen Marais Viljoen:

O/14A	gelyk	2-2
O/14B	wen	1-0
O/15A	wen	1-0
O/15B	verloor	0-1
O/16A	span daag nie op nie en Kempies kry 'n wen van	8-0
2des	wen	1-0
1stes	wen	3-0

Tydens 'n provinsiale Hokkie toernooi wat in die Julie-vakansie gehou is, is Charlize Jonker gekies vir die S.A. O/16-span.

KRIEKET

Ons Krieket liga begin 24 Julie. Gaan na die webwerf *www.kempies.co.za* om bepalings te sien.



ANDER SAKE

A.T.K.V. REDENAARS UITSLAE

WENNERS:
Gr. 8 A-span
Lian Smith
Anri Swanepoel
Inge vd Vyfer
Ruan de Witt
*Afrigter*Me Madri Pieterse

TWEEDE PLEKKE
Gr.10 A-span
Lizaan Fourie
Johanrie Leibbrandt
Jolene Potgieter
Anli Botha
*Afrigter*Me Karin Leibbrandt

Gr.11 A-span
Martin Hattingh
Bjorke Nortje
Chene Barwise
Luné Classen
*Afrigter*Me Joyce-Mari Muller

Gr.12 A-span
Ruvan Avenant
Armand Algera
Geraldi Spurling
Rose-Marie Behr
*Afrigter*Me Alma Bodenstein

Snr. Prestige
Estie Brits
Luze Zietsman
Veruschka Theron

DERDE PLEKKE
Gr. 8 – 12 B-spanne en Jnr. Prestige

VOORTREKKERS

Die volgende Kempies het die hoogste toekenning, nl. die van Presidentsverkenner verwerf.
Hulle is:
(Kruinsig Kommando)
Christel Swanepoel
Helene-Mari Janse v Rensburg
Rosemarie Behr
(Impala kommando)
Stefan van Deventer

'N WEGBREEKKANSIE NET VIR JOU

Komende Vrydag sal daar inligtingsbriewe beskikbaar wees vir 'n wegbreekgeleentheid of twee uit die stad uit. Ons nooi graag almal wat belangstel vir:

1. 'n **Kampnaweek** by Kokoriba – hier gaan ons stap, wildritte doen en heerlik in die warm swembad baljaar – onkoste beloop R250 en sluit vervoer, toegang, verblyf, een wildrit en 'n spanete in.
2. 'n **Avontuurdag** by Botshabelo – hier gaan ons die Fort-roete doen, perdry, saam 'n vleisie braai – onkoste beloop R50 en sluit vervoer, toegang en die spanete in (perdry is opsioneel en word deur elkeen self betaal)

Maak seker dat jy Vrydag jou briefie met volledige inligting kom afhaal. Die Kempies se voetslaan- en avontuurgroep het 'n plekkie net vir jou!
Me H Smit K.6

UIT DIE FINANSIES KANTOOR

Ouers wat nog nie hul korrekte e-pos adres aan ons ge-stuur het vir maandelikse state nie, moet dit asb. so gou moontlik stuur na michelsmith@mweb.co.za
Neem ook kennis dat rekeningstate Donderdag 22 Julie aan leerders uitgedeel word.
Betalings kan in die bank geskied of by die skool gemaak word in kontant of met u debiet/krediet kaart.

Hoërskool Kempton Park
OU7 - OPEDAG
18 Augustus 2010
18:00-20:00

AKADEMIE LEIERSKAP KULTUUR SPORT

Kom sak en pak na die *Kempies* toe
Ons het 'n sak vol planne vir jou! ! !

GESINSPITKOS

Ouerbegeleiding, 27 Julie 2010 "Choking Game"

U as Kempie-ouer word hartlik uitgenooi na die volgende Ouerbegeleingsgeleentheid wat plaasvind op 27 Julie 2010 om 7 uur in die Mediasentrum.

Mnr. Gavin Cocks sal met Kempie-ouers gesels oor die "Choking Game" en u bewus maak van die gevare rondom hierdie skynbaar skadelose 'speletjie'. Hy het dit sy lewenstaak gemaak om ouers in te lig, nadat sy seun gesterf het, vanweë die "Choking Game".

Kom leer meer van die 'speletjie' wat kinders beskou as pret en onbewus is van die dodelike gevolge.

Toegang is gratis en enige ouer is welkom, so nooi u vriende en kom rus jouself toe met kennis.

Navrae kan gerig word aan Christel Minnaar by 011 970 2102.

ADVERTENSIES

MONIQUE'S PHOTOGRAPHY

Professionele fotograaf vir matriekafskeid, troues, familiefotos, babafotos, partytjies ens
Kontak: Monique 076 563 8337
Webadres:
www.wix.com/Niekie/Monique-photography

Kamers beskikbaar in Tuiste vir bejaardes vir nie-rokende selfversorgende dames bo 60 jaar. Etes en wasgoed ingesluit.
Skakel 071 226 6825 indien belangstel.

VERVOER

Ek benodig baie dringend vervoer, soggens en smiddae, vir twee skoliere na en vanaf die skool tot Marister.(Benoni plotte)
Kontak Elsie 072 180 4361

In_House-Fashions

Vir die maak van:-
Matriekrokke / matric dresses
Asook ander uitrustings.
Tel 082 532 0192 of 011-391-1530
Rina Barnard.

INTERNATIONAL HEALING FOUNDATION
(SOUTH AFRICA)

THERAPY COUNSELING AND COACHING CENTRE

André Bekker

CONTACT DETAILS

Tel: (011) 394 3031; **Cell:** 071 326 8034; **Fax:** 086 624 9748
Email: Info@ChangeIsPossible.co.za; **Website:** www.ChangeIsPossible.co.za
Physical Address: Kaleideo City Campus, 6 Willow Street, Kempton Park
Postal Address: PO Box 21, Kempton Park, 1620

BELÊ IN U KIND SE TOEKOMS

Doel
Verkort studietyd; verbeter studievaardighede en punte; geniet studies.

Aandag word gegee aan o.a.:
Opsommings maak en korrekte studiemetodes; memoriseringstegnieke; eksamenvoorbereiding; streshantering; tydsbenutting; lees-en luistervaardighede; selfbeeld; motivering en verbeterde konsentrasie.

Voordele
Individuele aandag deur gegradueerde opvoedkundiges; klein groepe; 6 klasse van 2 ure elk - gratis opvolg na 3 maande; gratis ondersteuning tot ouderdom 21; opgestel en onderskryf deur Universiteit van Stellenbosch (Hoofkantoor); tak alreeds 5 jaar suksesvol in Kemptonpark; **enigste studieprogram goedgekeur deur Onderwysdepartement..**

Vir gratis evaluering by u huis, kontak Dr Gerrit Jooste 082-923-1135

Annique verspreider /distributor

Hermie Bekker
084 614 8122

Mei promosie -Tiener reeks - Face Facts 25% - 30% afslag
Beveg plooie met Bo-Serum
ROOIBOS - **Velsorg en skoonheid/ Health and skincare.**

TENNIS! TENNIS! TENNIS!

CHARLIE EN DESIRE PROFESSIONELE TENNIS AFRIGTING
Bied tennis aam vir alle standaarde en ouder-domme deur

Skakel ons nou by
082 926 6483